

H O O F S T U K 1X.

VREEMDE-TAALONDERWYS, EN DUIJS AS VREEMDE
TAAL IN DIE BUITELANDSE SKOOLSTELSELS.

1. Die plek en organisasie van vreemde-taalonderwys in die buiteland, met spesiale verwysing na die onderwys van Duits as vreemde taal.

(a) 'n Paar vrae in die oorsese vraagbriëf was spesiaal bereken op die insameling van gegewens wat lig moes werp op verskillende aspekte van die vreemde-taalonderwys en die onderwys van Duits as vreemde taal binne die breë raamwerk van die oorsese onderwysstelsels wat in die vorige hoofstuk geskets is¹. Ek bepaal my hier eers by die plek en organisasie van die onderwys van Duits as vreemde taal aan die hand van die regstreekse gegewens wat deur vrae 3, 4.c en 5 opgelewer is, om aldus die omstandighede te belig wat met die leerplan- en eksamen-aangeleentheid vir die onderwys van Duits in hierdie lande saamhang.

Blykens die antwoorde op vraag 3 is dit nie gebruikelik in hierdie lande om enige vreemde tale in die primêre kursus in te sluit nie, hoewel daar soms uitsonderings mag voorkom soos in die geval van die onderwys van Frans in die sogenaamde "Opleidingscholen" in Nederland (dit is, skole wat 'n spesiale kursus aanbied om die leerlinge af te rig vir die toelatingseksamen van die H.B.S. en die Gimnasium), en die "Preparatory Schools" in Engeland, die voorbereidende skole vir die "Public Schools" waarin Frans, Latyn, en selfs Grieks of Duits aan baie jong seuns onderwys word. Daarenteen word daar in al hierdie lande 'n besondere waarde aan die studie van vreemde tale in die middelbare skool geheg, soos uit die volgende feite blyk:

(1) In Holland ontvang alle middelbare leerlinge 'n grondige onderrig in die vier moderne tale, Hollands, Frans, Engels en Duits. Selfs in die Mulo-skole word daar vir die onderwys van die drie vreemde tale voorsiening gemaak, terwyl die Gimnasium

1. Sien Eylae C.1, vrae 3, 4.c, 4.d(iv) en 5.

ook nog Grieks en Latyn byvoeg en 'n verpligte kursus in ses tale verlang. Blykens Tabel XII word Duits tans as derde vreemde taal in hierdie land beskou: waar die onderwys van Engels en Frans reeds in Klas 1 (op ouderdom 12 plus jaar) begin, word daar in Klas 11 'n begin gemaak met die onderwys van Duits.

(ii) In die Duitse hoërskole moet alle leerlinge in die reël drie vreemde tale bestudeer, waarvan twee as hoofvakke (gewoonlik Engels en Frans of Latyn in die dele wat onder Westerse invloed staan), en een as byvak (Grieks of 'n ander moderne taal)¹. Die eerste vreemde taal word reeds in die vyfde klas (die eerste klas in die Oberschule) begin op ouderdom 10 plus jaar; met die tweede word daar in die sewende klas (12 - 13 jaar) 'n begin gemaak, en met die derde in klas 9 (ouderdom 14 - 15).

(iii) In die Deense hoërskole is Duits een van drie of vier verpligte vreemde tale. Engels word vanaf die eerste hoërskooljaar (11 plus) as eerste vreemde taal geleer; dan volg Duits as derde (tweede vreemde) taal op 12 plus jaar, terwyl Frans ook reeds in die "Mittelschule" ingevoer word vir dié leerlinge wat na die Gimnasium wil gaan.

(iv) In Engeland waar daar geen besondere stipulasie met betrekking tot die studie van vreemde tale is nie, is die stelsel egter heeltemal anders as op die Europese vasteland, waar 'n minimum van twee of drie vreemde tale in die reël verpligtend is vir alle middelbare leerlinge wat 'n akademiese kursus volg. In die "Moderne Skole" word die studie van 'n vreemde taal slegs vir die beste leerlinge afgesonder, meesal Frans, maar soms ook Spaans of (heel selde) Duits. Daarenteen is dit 'n algemene gebruik in die "Grammar Schools" om Frans as eerste vreemde taal vir die Skoolsertifikaat-eksamen te bestudeer, terwyl sommige leerlinge ook twee of meer vreemde tale aanbied. Duits word baie selde as eerste vreemde taal geneem, en staan gewoonlik as keusevak teenoor Latyn, aardrykskunde of 'n addisionele wetenskap,

1. Sien Hoofstuk VIII.5.(b)

hoewel 'n veel groter persentasie leerlinge dié vak bestudeer het as diegene wat dit as eksamenvak aanbied as gevolg van die gebruikelike uitskuiwingspraktyke in hierdie land waarvolgens die leerlinge aanvanklik 'n aansienlike aantal vakke neem, en die kursus dan geleidelik beperk deur sekere van die reeds bestudeerde vakke as keusevakke teenoor mekaar te groepeer¹. In die praktyk kom dit daarop neer dat die meeste intellektueel-begaafde leerlinge drie vreemde tale bestudeer het - meesal Frans, Latyn en Duits of Spaans - voordat die Skoolsertifikaat-ouderdom bereik word, terwyl diegene met 'n minder-akademiese aanleg by 'n studie van Frans volstaan, en dan meer praktiese vakke kies in plek van Duits of Latyn. Latyn geniet egter die voorsprong bo Duits dat dit 'n verpligte vak vir toelating tot 'n B.A.-kursus aan die Engelse universiteite is, sodat 'n baie groot persentasie leerlinge dié vak vir die Skoolsertifikaat-eksamen bestudeer. Vir diegene wat nie Latyn aangebied het vir hierdie eksamen nie, word daar in die reël vir 'n kort, intensiewe, eenjarige Skoolsertifikaat-kursus in Latyn voorsiening gemaak in die eerste jaar van Vorm VI, hoewel dit besef word dat die werk in die gekose Vorm-vakke noodwendig hieronder moet ly. Sommige skole bied ook 'n dergelike intensiewe kursus in Duits aan. Met die oog op die belangrikheid van Duits vir verdere studie in 'n wetenskaplike rigting, word daar in sommige skole 'n tweejarige "Scientific German Course" as byvak in Vorm VI aangebied, wat ook heelwat beginners in Duits trek.

In die "Technical High Schools" met hul kommersiële, tegniese en industriële inslag speel Duits egter 'n baie belangriker rol as in die "Grammar Schools". Waar dit in laasgenoemde skole gebruikelik is om in die eerste jaar met Frans te begin en in die tweede met Latyn en Duits, terwyl die grootste meerderheid leerlinge met Latyn volhou en Duits geleidelik uitskakel - volgens die getuienis van etlike onderwysers bied ongeveer 'n kwart van die leerlinge Duits as vak aan vir die Skoolsertifikaat-ek-

1. Sien Hoofstuk VIII.5.(b) (iv).

samen - tipeer die volgende antwoord uit die "Riley High School", Hull, min of meer die algemene kursus in hierdie Hoër Tegnieese skole volgens die inligting wat van die Sekretaris van die "Joint Committee of the Four Secondary Associations" ontvang is: "German in each of the five years of the School Certificate Course. There is a three class entry but after the first year, only the two best classes continue German. French is started by one select group in the second year and continued throughout the course".

Hoewel die Britse stelsel dus fundamenteel van die kontinentale stelsel verskil, volg dit duidelik dat die vreemde-taalonderwys hier ewe-eens 'n baie belangrike rol speel, en dat daar oor die algemeen van een tot drie vreemde tale bestudeer word in verskillende skole en deur verskillende groepe leerlinge. Met die uitsondering van die tegnieese en kommersiële kursusse en dié wat 'n deeglike voorbereiding vir 'n wetenskaplike kursus aan die universiteit beoog, is die plek van Duits as vreemde taal egter veel meer onseker, vanweë die groot prominensie wat daar in hierdie land aan Frans en Latyn verleen word.

(v) In die Amerikaanse onderwysstelsel waarin die praktiese sy van die lewe baie sterker beklemtoon word as in die Europese, vind ons na alle verwagting nie dieselfde ereplek vir vreemde-taalonderwys as in die middelbare skole van Europa nie, hoewel hierdie land geskiedenis gemaak het deur die eksperimentele benadering van die probleem van die vreemde-taalonderwys¹. Deur die ondersoeke wat deur die "Modern Foreign Language Study" uitgevoer is, is dit statisties bewys dat 83-84 persent van die leerlinge wat vreemde tale aan die Amerikaanse hoërskole bestudeer, slegs 'n tweejarige kursus in dié tale aanbied, terwyl 57 persent dit nie eens verder as 'n eenjarige kursus bring nie².

1. Sien onder meer "Inleiding en Probleem-omskrywing" en Bibliografie.

2. Vergelyk: (a) Coleman - "Experiments and Studies in Modern Language Teaching", 214.
(b) Wheeler & others - "Enrollment in the Foreign Languages in the Secondary Schools and Colleges of the United States", 352.

Weens die feit dat elkeen van die 48 state sy eie onderwysstelsel het, is dit baie moeilik om hier tot 'n veralgemening te geraak. Uit die groot massa literatuur blyk dit of Spaans 'n belangrike plek in die leerplan beklee vir praktiese en joernalistiese doeleindes, veral in die suidelike state waar die Spaanse invloed hom nog sterk laat geld, terwyl die studie van Frans in al die state 'n belangrike kulturele erfenis van die verlede gebly het, en dié van Duits as 'n belangrike aanbeveling in verband met voortgesette wetenskaplike studies beskou word. In die meeste groot Amerikaanse hoërskole word daar van die laaste jaar van die Juniorhoërskool-kursus af (ouderdom 14-15 jaar) 'n begin gemaak met 'n twee- drie- of vierjarige kursus in Frans, Latyn, Spaans en Duits. Na die voorbeeld van die universiteit van Wisconsin het die meeste Amerikaanse universiteite sedert 1934 daartoe oorgegaan om aan dié kandidate wat toelating tot 'n B.A.-kursus verlang, die keuse tussen 'n leeskenistoets in twee vreemde tale of 'n bekwaamheidstoets in een vreemde taal te laat¹. Hoewel die eksamenstelsel sedert 1941 'n baie groot wysiging ondergaan het², word hierdie breë beleid vandag nog min of meer op die jaarbasisse gehandhaaf, en volgens ons antwoorder uit "Temple" sal enige kollege 'n student inneem wat 'n driejarige kursus in een vreemde taal aanbied, mits 'n tweejarige kursus in 'n tweede vreemde taal voor graduasie deurloop sal word.

(b) Wanneer ons die gebruiklike aantal vreemde tale in die Europese middelbare skoolkursus met dié wat deur die deursnee-Amerikaanse leerling geneem word, wil vergelyk, moet ons die feit in aanmerking neem dat die Europese kursus in die reël 'n baie groter aantal vakke insluit en langer van duur as die Amerikaanse is. In die Europese skole word die leerling meesal tot die studie van 'n hele aantal vreemde tale binne die raamwerk van 'n baie wye opvoedingstelsel verplig, en is die middelbare kursus op

1. Coleman - "Experiments and Studies in Modern Language Teaching", 210.

2. Hoofstuk VIII. 4 (c).

sodanige wyse verruim dat die leerling in die geleentheid gestel word om breë lewenskontakte op te doen en veelsydige belangstellings te ontwikkel. Die vraag is, egter, wat die leerling vir die bereiking van hierdie doel moet prysgee, en wat hy daardeur verloor het in terme van 'n gesonde opvoedingsideaal. In hierdie verband moet die studie van die leerplan- en eksamenvereistes vir Duits as vreemde taal in die oorsese lande interessante stof tot nadenking bied vir diegene in Suid-Afrika wat nog geen wyer opvoedkundige perspektief as die sesvak-grondslag van die matrikulasievereistes ontwikkel het nie.

2. Die leerplan- en eksamenvereistes vir Duits en ander vreemde tale in die hoërskole op die Europese vasteland.

Baie interessante stukke wat deur die ondersoek na die buitelandse stelsels in my besit gekom het, is die leerplanne in die verskillende lande, die groot aantal eksamenvraestelle van vyf van die sewe eksamenrade in Engeland, 'n paar van die ouere eksamenvraestelle van die "College Entrance Examination Board" in Amerika, asmede die jongste uitgawe (dit is, dié van 1949-50) van die Bulletin van Inligting en Voorbeelde van Toetsvrae van laasgenoemde Raad. Na aanleiding van sommige van hierdie bykomende gegewens en die regstreekse inligting op die betrokke vrae in die vraagbrief kan daar nou tot sekere afleidings geraak word wat lig kan werp op die kwessie van die leerplan- en eksamenvereistes vir Duits as vreemde taal in die buiteland. Ek bepaal my hier eers by die Europese vasteland.

(a) Die belangrikste kenmerke van die Hollandse stelsel is die groot nadruk wat daar op die mondelinge werk en uitgebreide literêre studies gelê word, en die groter differensiasie van kursusse, veral met die hoof- en byvakstelsel in die H.B.S. Uit Tabel XII blyk dit dat die aksentverskuiwings-praktyke vir die periode van spesialisasie in die laaste twee jaar van die H.B.S. in die geval van Duits, Engels en Frans op 'n verdubbeling van die aantal periodes per week vir die H.B.S.A- teenoor die H.B.S.B-kursus neerkom, dit is 4 periodes van 50 minute elkeen vir die A-kursus en 2 periodes vir die B-kursus. Die eerste jaar

jaar word gewoonlik bestee aan die studie van die taal in die engere sin van die woord, dit is, Spraakkuns, meer formele leeswerk, en vertalings in Nederlands plus mondelinge werk, terwyl die laaste twee jaar vir die grootste gedeelte aan die studie van klassieke en moderne werke uit die literatuur en die studie van die letterkunde gewy word¹.

Die eksamenvereistes aan die end van die vyf- of sesjarige kursus (laasgenoemde in die geval van die Gimnasium) toon heelwat graadverskille na gelang van die soort kursus wat daar gevolg is.

(i) Vir die Gimnasium-eksamen wat onder meer ook 'n grondige toets in Grieks en Latyn insluit, word daar slegs 'n skriftelike vertaling in Nederlands van 'n stuk Hoogduitse prosa vereis².

(ii) Vir die H.B.S.B.-eksamen word daar, naas die vertaling in Nederlands, ook 'n mondelinge eksamen vereis waarin die kandidaat blyke moet gee van 'n behoorlike begrip en goeie uitspraak na aanleiding van 'n ongesiene stuk prosa, en die vermoë moet openbaar om homself redelik goed in die vreemde taal uit te druk deur die beantwoording van vrae oor die gelesene³.

(iii) Die eerste gedeelte van die bepalinge vir die eindeksamen van die Middelbare Meisjesschool sluit alles in wat ons hierbo onder die vereistes vir die H.B.S.B.-eksamen gevind het, maar die eksamenvereistes word hier nog 'n stappie verder gevoer met die toetsing van die kandidate se kennis van 'n paar hoof tydperke uit die literatuurgeskiedenis en hul bekendheid met enige werke uit die betrokke periodes⁴.

(iv) Vir die mees gespesialiseerde vreemde-taalkursus vir die

1. (Per) Akkerman: Nederland - "Toelatings- en Eindexamenreglementen" (vir middelbare en hoërskole), bl. 13.

2. Ibid. 35, Afdeling IV en Art. 3 par. 1.

3. Ibid. 48.

4. Ibid. 55.

H.B.S.A.-diploma moet die eksamenvereistes vanselfsprekend hoog wees. Ek haal aan uit die stukke wat my uit Nederland toegekom het:

"De kandidaat moet blijken geven:

1. vaardigheid te bezitten in het overbrengen van Frans, Engels en Hoogduits proza in goed Nederlands;
2. vaardigheid te bezitten in het schriftelijk gebruik van de vreemde taal, blijkende uit het stellen van een verslag of een brief naar aanleiding van zakelijke gegevens;
3. een stuk proza of poëzie in de vreemde taal goed te kunnen lezen en verklaren; kennis te bezitten van enkele door hem gelezen belangrijke werken van de vreemde letterkunde, uit verschillende perioden, in verband met de tijd, waarin deze ontstonden. Bij dit onderzoek moet de kandidaat mede blijk geven, vaardigheid te bezitten in het spreken van de vreemde taal"¹.

'n Vergelyking van laasgenoemde met ons eksamenveresites in Suid-Afrika bly nietemin nog hoogs interessant: 'n vertaling uit Duits word vereis, maar geen vertaling in Duits soos in ons land nie; die toetsing van die kennis van die Duitse grammatika as sodanig geniet hier geen plek nie; die vaardigheid in die skriftelike gebruik van die taal word getoets deur die opstel van 'n verslag of brief na aanleiding van sekere gegewens wat in ons land bekend sou staan as sleutelwoorde en/of uitdrukings! Die moederlinge gebruik van die taal en die kennis van die gelese werke geniet voorrang in die eksamen, maar daar bestaan 'n algehele vryheid met betrekking tot die keuse van die werke. Die kandidaat dien vir hierdie doel 'n boekelys van minstens agt werke in, en word deur die onderwyser self ondervra in die teenwoordigheid van 'n "bijzitter". 'n Kollega in Suid-Afrika wat uit Nederland afkomstig is, het onlangs die volgende sienswyse in 'n briefwisseling in verband met hierdie saak geopenbaar: "Aangesien die aantal boeke taamlik groot is, gaan die vrae nie tot in besonderhede nie; wel word elke boek in sy letterkundige agtergrond geplaas. Van die kandidaat word verwag dat hy hom vlot in die vreemde taal oor bogenoemde onderwerpe kan uitdruk... Die onderwys is oor die algemeen 'simple' en 'straightforward'.

1. (Per) Akkerman: Nederland - "Toelatings- en Eindexamenreglementen" (vir middelbare en hoërskole), bl. 54.

Ons doen byv. wel grondig die indirekte Rede, maar oor die Aktiv en Passiv bekommer ons ons nie".

As bogenoemde praktyke die standpunt van 'n Duitse buurstaat moet tipeer, word die vraag deur welke standpunt ons oorgeërfde skriftelike en vertalingspraktyke in Suid-Afrika geregverdig kon gewees het in die verlede, des te meer 'n uitdaging wat nie langer ontwyk kan word nie.

(b) Ek verwys ook heel kortliks na die Deense en Duitse stelsels.

(i) In Denemarke, net soos in Holland, Duitsland en ander lande op die Europese vasteland, moet die onderwys van Duits as vreemde taal gesien word teen die agtergrond van 'n breë opvoedingsbeleid wat na 'n wye kursus en veelsydige kontakte streef. Die studie is egter meer "formeel" as in Holland en plaas 'n groter premie op die skriftelike en vertalingspraktyke, soos blyk uit die feit dat 'n minder uitgebreide leesprogram vereis word as in Holland, en dat die tradisionele vertalings in Duits nog 'n ereplek in die Abitur-eksamen vind. Teenoor die uitgebreide leesprogramme vir die A-kursus in die Hollandse Hogere Burgerscholen, word daar in die drie Gimnasiumjare in Denemarke ongeveer 700 bladsye gelees waaronder 250 bladsye van die klassieke meesters, 150 bladsye biografiese en geskiedkundige lektuur, en 300 bladsye uit die jongere tydvak. Vir die skriftelike gedeelte van die Abitur-eksamen word daar verlang:

'n vertaling uit Deens in Duits; en
'n oorvertelling in Duits van 'n voorgelese Duitse verhaal.

Die kennis van die gelese werke en van die literatuurgeskiedenis word dan in die mondelinge eksamen getoets.

(ii) In Duitsland, waar die beweging vir die hervorming van die vreemde-taalonderwys sy eerste groot inslag gevind het¹, bied

1. Vergelyk "Inleiding en Probleem-omskrywing".

die studieprogram en die eksamenvereistes vir die vreemde-taal-onderwys net soveel stof tot nadenking as die groot hervormings in die leer van die onderwysmetode wat van hierdie land af na die ander lande van die wêreld versprei is, omdat hierdie ou kultuurland ook 'n navolgenswaardige voorbeeld aangewys het in die konsepsie van die onderwys van 'n lewende taal as 'n bron van kultuur.

Vir die twee vreemde tale wat saam met Duits en matesis as Abitur-hoofvakke aangebied moet word na agt en ses jaar onderwys van 3 tot 6 uur per week onderskeidelik, is daar die verpligting van 'n finale skriftelike eksamen, met die moontlikheid van 'n aanvullende mondelinge eksamen; vir die derde vreemde taal wat as byvak geneem word met 1 tot 2 uur onderrig per week gedurende die laaste vier hoërskooljare, bestaan daar slegs die moontlikheid van 'n mondelinge eksamen ter kontrolering van die toegekende jaersyfer. Wat word daar nou in hierdie eksamens vereis? Ek vertaal die juiste woorde van ons antwoord uit Duitsland:

skriftelike eksamen - "'n oorvertelling in die vreemde taal";

mondelinge eksamen - "meestal die lees en vertaal van 'n teks, beantwoording van grammatikale vrae en 'n klein konwersasie".

Met hierdie soort eksamenmetodes is dit onmoontlik dat die onderwys ooit in 'n eksamendrill kan ontaard, en daar is vandag ook genoegsame getuienis dat laasgenoemde geensins die geval in die Duitse stelsel is, waar die vreemde taal in die eerste plek as 'n kultuurmiddel en nie as 'n grammatikale oefening onderwys word nie¹.

3. Die leerplan- en eksamenvereistes vir Duits en ander vreemde tale in die Amerikaanse hoërskole.

(a) Toe die nuwe idees in verband met die vreemde-taalonderwys in die begin van die huidige eeu eers op Amerikaanse bodem

1. Vergelyk:

(a) Smuts: "The Education of Adolescents in South Africa", 183

(b) "The Modern Language Journal", Vol.15 (1930-31), 648.

wortel geslaan het, is daar 'n nuwe fase in die geskiedenis van die vreemde-taalonderwys op skool betree. As daar gelet word op die werkprogram van die "Committee on Investigation" van die "Modern Foreign Language Study"¹ en laasgenoemde se groot reeks publikasies waardeur alle aspekte van die vreemde-taalonderwys op 'n eksperimentele wyse benader is, asook op die voortgesette ondersoeke waaraan veral ook die belanghebbende universiteits-professore 'n belangrike aandeel geneem het², is dit duidelik dat hierdie land geen steen onaangeroer laat om die beste leermiddele en leermetodes vir hul leerlinge te vind nie. Die nuwe rigting wat daar gaandeweg ingeslaan is met die beklemtoning van die sogenaamde "reading objective" na die verskyning van Prof. Coleman se "The Teaching of Modern Foreign Languages in the United States" in 1928, moet ook as 'n regstreekse gevolg van hierdie uitgebreide navorsings beskou word.

(b) In die Handboek van die Blake-skool, Minneapolis, Minnesota, vind ons 'n paar vae leerplan-aanduidings vir Frans, Spaans en Duits waaruit die rigting waarop die vreemde-taalonderwys in die Amerikaanse hoërskole afstuur, in 'n sekere mate afgelei kan word. Drie kursusse word hier in Vorms III (ouderdom 14-15 jaar), IV (15-16 jaar) en V (16-17 jaar) aangebied, wat as volg in die handboek aangegee word. (Die aantal periodes per week word tussen hakies genoem):

Duits (Frans, Spaans) I (Vorm III): "Speech and understanding the spoken word are stressed as well as reading and writing the Language. At the end of the year the student should be able to understand simple sentences, spoken as well as written, and to reply briefly orally or on paper....(5)"³.

Duits (Frans, Spaans) II (Vorm IV): "Continuation of the work of the previous year; emphasis on vocabulary, idioms, and fluency. (5)"⁴.

1. Sien Coleman: "The Teaching of Modern Foreign Languages in the United States", 2-4.

2. Sien "The Modern Language Journal" en ander Amerikaanse periodieke wat in die "Inleiding en Probleem-omskrywing" genoem word.

3. The Blake School (Hopkins, Minnesota), Handbook 1947-8, (bl.32)

4. Ibid. 33.

Duits (Frans, Spaans) III (Vorm V): "The class is usually conducted in the foreign language. By the end of the year the student is expected to understand the foreign language without translating into English"¹.

Hoewel hierdie vae leerplan-aanduidings op die oog af maar soos alle leerplanne lyk, blyk dit tog duidelik dat die hoof-aksent in hierdie kursusse op die begripsvermoë van die leerlinge val wat ten nouste met die lees- en mondelinge werk (konwersasie) saamhang, soos veral uit die leerplan vir Duits III blyk, en dat al die praktyke op die ontwikkeling van hierdie vermoë afstuur. Die verwysing na die skryf van die taal is heel insidenteel en het betrekking op eenvoudige antwoorde op gesproke of gelese Duits. Vir die ontwikkeling van die begripsvermoë word daar dan op die wye leesprogramme teruggeval wat as 'n vanselfsprekende praktyk vir die Amerikaanse hoërskole aangeneem word.

(c) Ander interessante stukke wat uit Amerika ontvang is, is die voorbeelde van die ouere en nuwere tipe eksamenvrae van die "College Entrance Examination Board".

Die ouere tipe eksamenvraestel wat in 1941 deur die huidige "Reading Tests" vervang is, verdien reeds ons aandag vanweë 'n paar besondere kenmerke wat 'n mens dadelik daarin opval:

(i) Afgesien van die verouderde formele tipe taalvragies wat nog daarin voorkom vir die tweede en derde jaarbasiese (hoofvorme, hoofdele ens.) en die vertalings in Duits en die opstel, word 'n mens getref deur die groot premie wat daar op die vertalings uit Duits en die begripstoetse geplaas word. In 1935 het die eksamenvereistes na 'n vierjarige kursus in Duits byvoorbeeld die volgende behels:

- Deel III van vraestel (vir derde- en vierde-jaar Duits):
- A - Vertalings in Engels (paragraaf).
 - B - Begripstoetse wat in Engels beantwoord moes word.
 - C - 'n Eenvoudige paragraaf van 130 woorde vir Vertaling in Duits.
 - D - 'n Sitaat van 15 reëls uit enige Duitse gedig.

Deel IV van vraestel (vir vierde-jaar Duits):

1. The Blake School (Hopkins, Minnesota), Handbook 1947-8, (bl.33)

- A - Vertaling in Engels (paragraaf).
- B - Vertaling in Engels (paragraaf).
- C - 'n Opstel van 200 woorde oor 'n eenvoudige onderwerp.

(ii) Die begripstoetsvraag bevat 'n interessante afwyking van die gewone metode en is klaarblyklik daarop bereken om nie-vertalende lees aan te moedig. Tien kort stukkies van ongeveer vier reëls elk word geplaas, met 'n vraag op elkeen wat in Engels beantwoord moet word, en duidelike instruksies om nie te vertaal nie. Ek haal twee voorbeelde uit die 1935-vraestel aan:

Uit Deel 1 van vraestel (vir tweede-jaar Duits), C nommer 7:

"Wenn die untergehende Sonne die höchsten beschneiten Alpenspitzen mit intensiver Glutröte überzieht, während die Landschaft ringsum schon im blauen Schatten der Dämmerung liegt, entsteht das Alpenglühen.

Wie entsteht das Alpenglühen?"

Uit Deel III van vraestel, B nommer 1:

"Täglich ins Grüne zu dürfen, hinaus in die Tageserholungsheime rings um München, das ist die Sehnsucht der Schulkinder. Jeden Morgen warten sie ungeduldig auf den Strassenbahnzug, der sie gemeinsam mit ihrer Erzieherin oder ihrem Erzieher vor die Tore der Stadt bringt.

Warum freuen sich die Schulkinder jeden Morgen?"

(iii) Ons vind soms ook die volgende tipe kultuurvragies wat uit die 1930-vraestel vir die kandidate wat tweede- en derde-jaar Duits aanbied, geneem is:

"Answer in English:

1. Wo entspringt der Rhein?
2. Durch welche Länder fließt er?
3. Nennen Sie drei Städte am Rhein und sagen Sie, wodurch sie berühmt sind.
4. Geben Sie an, warum sechs der folgenden Namen berühmt sind, Beschreiben Sie die geographische Lage der Flüsse, Gebirge oder Städte, welche Sie wählen:
(a) die Elbe, (b) die Donau, (c) die Spree, (d) der Harz, (e) der Schwarzwald, (f) das Riesengebirge, (g) Berlin, (h) Dresden, (i) Nürnberg, (j) Rothenburg, (k) Oberammergau, (l) München".

(d) In die jongste "Bulletin of Information & Sample Tests (1949-50)" van die "College Entrance Examination Board" merk ons, egter, 'n nuwe rigting van toetsing wat in ons land en in Europa heeltewel onbekend is. In al die vreemde tale wat deur die "College Board" erken word vir graduasie-doeleindes (dit is, Frans, Duits, Spains, Italiaans, Latyn en Grieks) word daar slegs

'n "Reading Test" van een uur gestel¹, en met die eerste oogopslag word dit 'n mens reeds duidelik dat daar nie verder as die passiewe herkenningsvermoë getoets word nie, wat volkome in die gees van die Amerikaanse leesdoel ("reading objective") staan. Met die gebruiklike keuse van een uit 'n paar aangegewe sinsdele of grammatikale konstruksies vir sekere soorte vrae word daar selfs vir die grammatika van die taal nie verder as die passiewe herkenningsvermoë getoets nie. Dit is al wat die Amerikaners beoog, maar daarmee beoog hul reeds veel in terme van hul geformuleerde doelstelling, omdat 'n ontleding van hierdie vrae duidelik aan die lig bring dat die kandidaat 'n goeie leeskenis van die taal moet hê om redelik goeie kaart-inskrywings vir hierdie toetse te behaal. Ter staving wil ek hier slegs een of twee voorbeelde uit elk van die vyf tipes toetsvoorbeelde wat vir die Duitse leestoets aangegee word, plaas², hoewel daar in die leestoetse vir die ander tale ook ander soorte vrae gestel word soos die keuse van een uit vyf definisies van woorde in die Franse leestoets³, en een uit vyf betekenis van woorde na aanleiding van 'n aangegewe paragraaf in die Latynse leestoets⁴.

"German Reading Test"⁵.

1. "Directions: Four English words or phrases are given with each of the following German words or phrases. Select the ONE English word or phrase which is the best translation of the German, and blacken the space beneath the corresponding number on the answer page.

Example: 2. Spott (1) spot (2) derision (3) small amount
(4) trace".

1: 2 :3: :4:

11. "Directions: Each group of four words in this part contains two words which are similar in meaning. Find the two words which are most similar, and on the appropriate line on the answer page blacken the space between the dotted lines un-

-
1. The College Entrance Examination Board: Bulletin of Information & Sample Tests, 1949-50 (bl. 44-52).
 2. Ibid. 47-48.
 3. Ibid. 46.
 4. Ibid. 51.
 5. Sien (2).

der the numbers.

Example: 3. (1) Laden (2) Lärm (3) Gerät (4) Geräusch".
 1-2 1-3 1-4 2-3 2-4 3-4
 !!! !!! !!! !!! ■ !!!

111. "Directions: Each sentence in this part is followed by four numbered German words or phrases. Select the **ONE** German expression which is the best translation of the English word or words in parentheses, and blacken the space beneath the corresponding number on the answer page.

6. Das Kätzchen ist von seiner Mutter verlassen (been).
 (1) gewesen (2) geworden (3) worden (4) werden.
7. Er summt das alte Lied (to himself). (1) zu sich selbst (2) vor sich selbst (3) vor sich hin (4) sich selbst".

1V. "Directions: Each question in this part consists of a German phrase or sentence describing a situation, followed by four remarks written in German. Select the **ONE** remark which a person would be most likely to make in that situation, and blacken the space beneath the corresponding number on the answer page.

9. Sie kaufen ein.
 (1) Können Sie zeichnen? (2) Das ist mir viel zu teuer.
 (3) Sie lesen ja viel zu schnell. (4) Dienstmann, nehmen Sie meinen Koffer!"

V. "Directions: Read the following passage carefully for comprehension, and answer the questions based upon its content. Each question consists of an incomplete statement followed by four suggested completions; you are to select the **ONE** completion which is best according to the passage and blacken the space beneath the corresponding number on the answer page.

Ich sah vom Fenster aus den Strom in einen silbrigen Geglitzer dahinfließen. Auch heute war er leer von Schiffen. Fern am Festland zeichneten sich deutlich die Kirchtürme zweier Dörfer ab. Das eine, das der Mündung zunächst lag, hieß Wersum; ich war früher ein paarmal dort gewesen. Der Name des zweiten, das eine besonders breite und hochragende Kirche besass, war mir unbekannt.

11. Die Kirchtürme der Dörfer (1) waren unsichtbar (2) liessen sich ohne Schwierigkeiten beobachten (3) waren beide sehr niedrig (4) waren im Nebel verborgen.
12. Vom Fenster aus sah ich (1) eine Anzahl Schiffe (2) undeutlich den Kirchturm eines Dorfes (3) das Wasser silbern schimmern (4) das silbrige Geglitzer der Segel".

Veral vir die beantwoording van laasgenoemde tipe begripstoetsvrae sal die kandidaat 'n goeie leeskenis van die taal moet besit om nommers 2 en 3 as die onderskeie antwoorde op vrae 11 en 12 te ken uitken.

4. Eksamenvereistes vir Duits as vreemde taal in Engeland.

(a) Teenoor die vryer, onortodokse stelsel van eksaminering

op die Europese vasteland en die nuwere rigting in Amerika, speel die tradisionele gedrukte eksamenvraestel vir 'n eksterne skriftelike eksamen nog 'n groot rol in Engeland, waar die sewe eksamenrade wat onder beheer van die universiteite staan, die standaard en pas vir die "School Certificate" en "Higher School Certificate" eksamens bepaal. Hoewel sommige eksamenrade ook 'n mondelinge eksamen kan vereis, is die praktyke in verband daarmee nie duidelik gespesifiseer deur die verskillende antwoorders uit hierdie land nie, en dui alles daarop dat die skriftelike eksamen die oorheersende praktyk is in teenstelling met die stelsel in sommige lande op die Europese vasteland. Aangesien hierdie tipe eksamen ons die naaste aan ons eie stelsel in Suid-Afrika bring, kan 'n nadere kennismaking met die vroeë 'n interessante grondslag vir vergelyking bied.

(b) Die vraestelle vir die Skoolsertifikaat-eksamen (na 5, 4 of 3 jaar Duits-onderwys) is almal min of meer van dieselfde trant, naamlik -

Vraestel I (of Seksie I), $1\frac{1}{2}$ uur: 2 stukke vertalings in Engels - meesal prosa, maar soms ook 'n paar losstaande sinne, 'n stukkie poësie of 'n samespraak - plus 'n Begripstoets by sommige eksamenrade, wat soms in Engels beantwoord moet word (Bristol) en soms in Duits (Cambridge).

Vraestel II (of Seksie II), ongeveer $1\frac{1}{2}$ uur: 'n stukkie vertaling in Duits en 'n Opstel van 150 woorde oor 'n eenvoudige onderwerp soos: "How you spent last Saturday; A journey by rail or road" en so meer (Universiteit van Bristol, Julie 1945).

Die Universiteit van Londen sluit ook 'n Dikteetoets ($\frac{1}{2}$ uur) in waarna verder verwys word in Hoofstuk XII.

Die volgende gesigspunte in verband met die Skoolsertifikaat-vraestelle verdien hier spesiale vermelding:

(1) Die Vertalings in Engels is deur die bank betreklik eenvoudig en padlans. In die vyf vraestelle van vyf verskillende eksamenrade wat van die antwoorders uit verskillende dele van Engeland ontvang is, naamlik dié van die universiteit van Londen in 1948, Bristol in 1945, Cambridge in 1944, Durham in 1944, en die Noordelike Universiteite in 1943, kom daar nie 'n enkele voorbeeld

voor van die ingewikkelde tipe sinne wat soms selfs in ons Junior sertifikaat-vraestelle teëgekom word nie¹. Die volgende voorbeelde wat voor die voet uit die begin van die vrae geneem is, toon aan dat die toets hier klaarblyklik is of die kandidaat die gewone trant Duits kan lees en verstaan:

Universiteit van London, 1948, Seksie 1 (a): "In einem der letzten Jahre der Regierung des Kaisers Tiberius geschah es, dass ein armer Bauer und sein Weib sich in einer Hütte hoch oben in den Fergen niederliessen. Sie waren Fremdlinge und lebten in der grössten Einsamkeit, ohne je den Besuch eines Menschen zu empfangen....."

Universiteit van Bristol, 1945, Duits 1 (vraag 1): "Als wir fünfundzwanzig Minuten oben gewesen waren, ging es langsam wieder hinunter. Wenn nicht die Häuser immer grösser geworden wären, hätte man gar nicht gemerkt, dass es tiefer ging. Das Land merkte man kaum. Dann mussten wir unseren schönen Platz verlassen und aussteigen. Ich dachte: 'Schade, dass der wunderbare Flug schon zu Ende ist'. Am liebsten wäre ich noch einmal mitgeflogen....."

Universiteit van Cambridge, 1944, Duits 1 (vraag 1): "Eines Tages, als der Soldat wie gewöhnlich auf seinen Posten vor dem Stadttore stand, sah er einen kleinen Knaben, der ungefähr drei Jahre alt sein mochte, auf die Wiese kommen, um zu spielen. Es war ein armes Kind, das in ein kleines Schaffell (das Fell=skin) gekleidet war und ganz allein spielte. Der Soldat stand und beobachtete den kleinen Jungen....."

Universiteit van Durham, 1944, Duits 1 (vraag 1): "Mit dem Kirchenfest ist auch ein häusliches verbunden. Es wird in fast allen christlichen Ländern so gemacht, dass man den Kindern die Ankunft des Christkindleins als etwas Fröhliches und Feierliches zeigt. Man gibt den Kindern die Geschenke, die das heilige Christkindlein gebracht hat, um ihnen Freude zu machen....."

(11) Vir die Vertaling in Duits word daar gewoonlik 'n betreklik-eenvoudige paragrafie gegee waarin daar heel weinig van die ongewone tipe woorde en uitdrukkings voorkom wat ons dikwels in die Kaapse en soms in die Vrystaatse vraestelle gevind het².

By die deurlees van die verskillende vertalingsvrae kom 'n mens naemlik sterk onder die indruk dat die eksaminatore nie uit die hoogte op die kandidate wil probeer toesak nie, soos uit die volgende tipiese trant van hierdie vrae sal blyk³:

"My birthday was on July 19th. I woke up very early and went swimming before breakfast. When I came back I found all kinds of presents in my place at the breakfast table.

1. Sien Hoofstuk VI. 4. (c) en (d).

2. Sien Hoofstuk VI.3 (d) en Bylae E.

3. Universiteit van Bristol: Skoolsertifikaat-eksamen, Duits 11 vraag 1, Julie 1945.

Mother and father had been very kind indeed and I thanked them very much. It was not a holiday, so I set out for school. The day passed quickly, and fortunately that evening I had no homework. At seven o'clock we had a feast.."

Die ingewikkelder tipe sinskonstruksie en woordeskat is hier baie eerder die hoë uitsondering as die reël.

(iii) Omdat die Opstel en die Vertalings in Duits een van die gebruiklike twee vraestelle vir die Skoolsertifikaat-eksamen beslaan, is dit skynbaar nog die gebruik om min of meer 50 persent van die punte vir hierdie eksamen aan dié tipe vraag wat die vermoë vir 'n aktief-skriftelike taalbeheersing moet toets, toe te ken. In Hoofstuk V is daar reeds ernstige bedenkinge teen hierdie soort werk vir ons Suid-Afrikaanse praktyke ingebring. In 'n land soos Engeland wat nouer geografiese bande met die Duitssprekende state van Europa het, mag dit wel meer moontlik wees om hierdie praktyke in die lig van 'n gesonde doelstelling te regverdig as in Suid-Afrika, sodat dit 'n gevaarlike terrein sou wees om ons in hierdie verband krities oor die Britse stelsel uit te laat. Daar word in hierdie vraestelle egter op twee-erlei wyse vergoed vir enige moontlike leemtes wat hulself in hierdie verband mag voordoen. In die eerste plek moet die feit bedink word dat die eerste eksterne eksamen eers na ongeveer vier jaar Duits-onderwys afgeneem word, sodat die onderwyser ruimskoots tyd het om sy leerlinge op 'n kalme en rustige wyse deur die verskillende psigologies-gesonde metodiese stappe te lei voordat die eintlike eksamenafrigting moet begin. In die tweede plek bly die vraestelle betreklik eenvoudig en padlengs soos duidelik uit bostaande ontleding geblyk het, en word dit deur etlike onderwysers wat die vrae beantwoord het, bevestig dat die standaarde vir die Skoolsertifikaat-eksamen laag gehou word sodat die onderwyser en die leerling die eksamen vir die eerste paar jaar kan vergeet, en die werk op 'n wyse kan aanpak soos hul dit die beste en die noodsaaklikste ag.

Dit spreek in dié verband egter ook duidelik dat daar vir hierdie vergoedende omstandighede geen plek gevind kan word in ons Suid-Afrikaanse stelsel, waar die eerste eksterne eksamen

reeds na twee jaar Duits-onderwys afgeneem word nie.

(c) In die eksamen vir die "Higher School Certificate" word daar, egter, 'n baie hoë standaard vereis van die kandidate wat Duits as hoofvak aanbied, wat hier wel te regverdig is in die lig van die volgende omstandighede:

(i) Die leerlinge kies twee hoofvakke waaraan daar elk agt uur per week bestee word vir 'n volle tweejarige kursus in Vorm VI, teenoor twee uur per week aan elk van die twee byvakke. Veertig persent van die leerling se tyd in die Vorm VI-jare (8 uit 20 uur) word dus aan elke hoofvak bestee, sodat 'n hoë graad van spesialisasie hier verwag kan word.

(ii) Ons word verder daarop attent gemaak dat die leerling hier in twee vakke spesialiseer wat deur homself gekies is¹. Dat die persentasie leerlinge wat Duits as hoofvak kies vir hierdie eksamen verbasend laag is, blyk reeds uit die volgende inligting wat daar uit 'n "Grammar School" in Bristol ontvang is: "Some 180 boys a year learn German at P.G.S., roughly one quarter of the Main School.....On the average some half-dozen pupils continue German in Sixth Modern, taking Bristol Higher School Certificate (main subject) after two years' study. Some two dozen study Scientific German (Subsidiary) in their two years in Sixth Science or Sixth Maths, some of them as beginners".

Onder hierdie omstandighede kan daar in alle redelikheid niks anders as 'n baie hoë standaard vir Duits as hoofvak - soos trouens vir enige ander hoofvak in hierdie meer gespesialiseerde voor-universitêre kursus - verwag word nie, omdat die vak hier deur 'n spesiale groep vir 'n spesiale doel gekies word, wat meesal die voorbereiding vir verdere spesialisasie aan die universiteit is.

(d) 'n Oorsig van die vraestelle van die verskillende eksamenrade toon min of meer die volgende praktyke vir hierdie eksa-

1. Sien Pylae C.

men aan:

(i) Vraestel 1 (of 11), 2½-3 uur:

'n Moeilike prosastuk vir Vertaling in Duits;

'n Opstel van 200-250 woorde oor een uit 'n paar onderwerpe wat meesal oor ingewikkelde vraagstukke van die dag handel, soos uit die volgende voorbeelde sal blyk:
Universiteit van Londen, 1948 (Duits 11) - Een van

die volgende:

- (a) Die Stadt der Zukunft.
- (b) Alles verstehen heisst alles verzeihen.
- (c) Die Technik im Dienste des Haushaltes.
- (d) Luftfahrt tut not.

Universiteit van Bristol, 1942 (Duits 1) - Een van
die volgende:

- (a) Russlands Kampf gegen Hitler-Deutschland.
- (b) Der Heimschutz (Home Guard) - dessen Organisation und Pflichten, dessen Bedeutung im englischen Nationalleben.
- (c) Die Rolle der "fünften Kolonne" im gegenwärtigen Krieg.
- (d) Das Meer in der deutschen oder in der englischen Literatur.
- (e) Ein Passagierdampfer liegt am Kai und die Passagiere gehen an Bord. Beschreiben Sie die ~~Szene~~ Szene.

(f) Die Feuerwehr im Frieden und im Kriege.

Universiteit van Cambridge, 1945, (Duits 11): Een
van die volgende:

- (a) Auf welche Weise hat der Krieg das Studium fremder Sprachen behindert oder gefördert?
- (b) Dienen Film und Rundfunk der Erziehung oder mehr der Verdummung der Massen?
- (c) Für und Wieder die "Public School".
- (d) Erkläre einem Ausländer, weshalb die Engländer so gern über das Wetter sprechen.
- (e) Hitlers "Tausendjähriges Reich".

Wat die Vertaling in Duits betref, sal die volgende stuk prosa van A. Conan Doyle wat in die eerste Cambridge-vraestel vir 1944 voorkom, reeds 'n aanduiding gee van die vereiste standaard kennis van die vreemde taal vir die suksesvolle beantwoording van hierdie soort vraag:

"...". It has been said that there is nothing appertaining to life upon the broad plain. That is hardly true. Looking down from the Sierra Blanca, one sees a pathway which winds away across the desert and is lost in the extreme distance. Here and there are scattered white objects which glisten in the sun and stand out against the dull ground. Approach and examine them! They are bones; some large and course, others smaller and more delicate. The former have belonged to oxen, the latter to men. For fifteen hundred miles one may trace this ghastly caravan route by these scattered remains of those who have fallen by the wayside".

(ii) Vraestel 11 (of 1), 2-3 uur: Verskillende stukke vir Vertaling in Duits (prosa en gedigte). Cambridge laat by die derde vraag (gedig) ook die keuse van 'n verdere opstel.

(iii) Vraestel 111: 4-6 vrae oor die voorgeskrewe werke en voorgeskrewe periodes uit die politieke en literatuurgeskiedenis wat in Engels beantwoord moet word. Dis ook gebruiklik om 'n stuk Vertaling uit Duits by 'n paar van

hierdie vrae te vereis.

Die vrae oor die voorgeskrewe werke stuur suiwer op letterkundige waardering af, en skakel papegaaiwerk vir eenvoudige inhoudsvragies heeltemal uit. Die volgende vrae wat uit Seksie B van die 1948-vraestel van die Universiteit van Londen geneem is, sal hierdie rigting duidelik toelig:

1. Discuss Emilia Galotti as a conflict between passion and reason.
2. What part do the varying conceptions of fate and the gods play in the development of the action in Iphigenie auf Tauris?
3. By what means does Schiller, in Maria Stuart, focus our interest on character rather than on politics and religion?
4. How is reminiscence used in the telling of Mozart auf der Reise nach Prag?
5. Trace the development of Schlemihl's attitude to life.
6. Explain how the action in Weh dem, der lügt! for all its deceptions demonstrates the victory of truth.
7. Discuss, with examples, Carossa's attitude to evil in Eine Kindheit.

Daar is egter 'n baie wye keuse van vrae: gewoonlik word daar van 20 tot 30 vrae aangegee waaruit gekies kan word. In die Cambridge-eksamen is daar 'n verdere keuse tussen sekere vrae oor die aardrykskunde van Duitsland en die instellings in die Duitse volkslewe, waarvan die volgende wat uit die derde vraestel vir 1946 (Seksie C) geneem is, hier as tipiese voorbeelde genoem kan word:

"Either (a) Name three German cultural movements (such as e.g. cathedrals, castles, museums, libraries, art-galleries, theatres) which have especial significance for German intellectual life, and explain their importance.

Or (b) Give a concise account of the composition, activities and powers of the pre-Nazi Reichstag. How far would a similar instrument of government be suitable for the Germany of the future?

Or (c) Give an account of the National-Socialist attempts to undermine Christianity, and discuss the problems that face the main religious faiths in post-war Germany.

Or (d) Explain briefly the significance of three of the following: Landtag; Reichstag; allgemeiner deutscher Gewerkschaftsbund; Splitterparteien; Reichsbanner; Rotfront; Reichswehr; Reichsnährstand; Volksgericht; Auslandsdeutschtum."

Daar is ook afwykings van hierdie gewone trant vir die "Higher School Certificate"-vraestelle, soos dié van die universiteit van Durham wat 'n baie geringer keuse by die voorgeskrewe werke laat en die afdelings van die werk anders groe-

peer; maar wat die eksamenstandaard betref, stuur alle eksamenrade op 'n rigting af wat 'n gespesialiseerde kennis in die vak terdeë op die proef sal stel.

(e) Vir Duits as byvak in die "Higher School Certificate"-eksamen word daar deur sommige eksamenrade feitlik hoofsaaklik op Vertalings uit Duits toegespits. Ek verwys in hierdie verband na die 1937-vraestel van die universiteit van Durham wat van een van die antwoorders ontvang is, en as 'n tipiese voorbeeld van die eksamenpraktyke van daardie eksamenraad kan dien. Deel I van hierdie vraestel (2 uur) bestaan uit twee stukke vertalings in Engels (prosa en poësie), en 'n kort en eenvoudige paragrafie vir Vertaling in Duits waarin die Duitse woordorde selfs in die aangegewe Engelse teks behou is om die saak vir die kandidaat te vergemaklik, soos uit die volgende sin blyk: "The youngest of them had to go every day into the forest to fetch wood...." Deel II (2 uur) bevat vier paragrawe Duitse prosa waarvan twee in Engels vertaal moes word. Sommige eksamenrade soos die Noordelike Universiteite handhaaf hier egter min of meer die Skoolsertifikaat-standaard, en sluit ook 'n Opstel (110 woorde) en 'n Begripstoets in. Om leerlinge in Vorm VI aan te moedig om met Duits te begin, het 'n paar eksamenrade daartoe oorgegaan om 'n Gesametlike Vraestel in Vertalings uit Frans en Duits as 'n spesiale byvak vir hierdie eksamen in te stel. Die paar Durham-vraestelle vir hierdie vak wat in my besit gekom het - die vir 1939, 1940 en 1943 - laat almal 'n keuse van 2 uit 4 prosastukke vir die Duitse vertalings (Vraestel II, 2 uur).

Dit blyk dus dat die hoofaksent vir Duits as byvak in die "Higher School Certificate"-eksamen oor die algemeen op die begrip van die taal en die passiewe herkennings-tipe woordeskat en grammatika val, waardeur 'n uitgebreide leesprogram prioriteit kan geniet by alle oorwegings van leerplanvoorsiening vir hierdie eksamen.

5. Leerplanvoorsiening vir Duits-onderwys in Engeland.

Dit moet onthou word dat daar in Engeland geen voorgeskrewe leerplan vir Duits buite en behalwe die literatuur-afdeling vir die "Higher School Certificate" bestaan nie, en dat die skole¹ volkome vryheid besit om hul eie programme uit te werk. Ons kan hier egter die spesialisasie-terrein (dit is, die hoofvak-basis) vir die "Higher School Certificate", waar die leerkragte hul by 'n kort kursus van twee jaar moontlik deur die reeds bespreekte eksamenvereistes sal laat lei, buite beskouing laat, en daarop let wat min of meer die algemene werkprogram vir die Skoolsertifikaat-jare is waar die duur van die kursus en die inkorting van die eksamenvereistes die eksamendruk grootliks uit-skakel, en die kursus volgens 'n antwoorder bedoel is "...to be taken by pupils in their stride"².

Insiggewend in hierdie verband is die leerplanne van die volgende vyf skole wat van 'n paar antwoorders ontvang is:

Bristol Grammar School (Mixed);

Bristol Grammar School (Boys);

Whitley Bay Grammar School (Boys), Northumberland;

A County High School for Girls in Essex;

Northgate Grammar School for Girls, Ipswich.

Ten spyte van onderlinge verskille vind ons in al hierdie leerplanne ook sekere treffende ooreenkomste wat vir ons eerder as 'n aanduiding van die mees gesogte praktyke in daardie land kan geld, as van die rol van toevallige omstandighede. In Bylae D word twee van hierdie leerplanne onveranderd geplaas as voorbeelde van moontlike werkprogramme vir 'n vier- en driejarige Skool-sertifikaat-kursus onderskeidelik. Ons moet hier veral op die volgende ooreenkomste in hierdie en ander leerplanne let:

(1). Opvallend in die eerste plek is die feit dat die formele studie van die verskillende dele van die grammatika min of meer

1. Sien Hoofstuk VIII. 5.b (iv).

oor die vier jaar versprei is, sodat die leerling se kennis van die taal gaandeweg eers op 'n natuurlike wyse uit die praktiese lees- en mondelinge werk kan aangroei voordat die meer formele studie hoof in te tree.

Vir die eerstejaarskursus in Vorm II word daar met heel geringe uitsonderings slegs vir 'n studie van die mees fundamentele dele van die grammatika soos die volgende voorsiening gemaak:

Lidwoord en Selfstandige Naamwoord geslag, meervoud, en gewone naamvalsgebruike;
 Persoonlike Voornaamwoorde....Nominatief, Akkusatief en Datief;
 Verbuiging van "kein" en die Besitlike Voornaamwoorde;
 Betreklike en Vraende Voornaamwoorde....slegs die Nominatief en die Akkusatief (Word soms ook tot die 2de jaar uitgestel¹);
 Verbuiging van Byvoeglike Naamwoord na "der" en "kein" (soms ook tot 2de jaar uitgestel²);
 Voorsetsels met die Datief en Akkusatief;
 Datums en Tydsuitdrukkings (Naamval);
 Vervoeging in die Teenwoordige Tyd, uitgesonderd die Modale Werkwoorde;
 Hoof- en Ranggetalle;
 Omgekeerde Woordorde (Voegwoorde en ander gevalle).

Alles wat verwarrend op die gees kan inwerk, word op hierdie stadium eers uitgeskakel en vertraag, sodat die beklemtoning van die fundamentele tot sy reg kan kom.

Hierdie kursus word dan as volg uitgebrei in die latere jare:

Tweede Jaar (Vorm III):

Byvoeglike Naamwoorde sonder Lidwoorde gebruik;
 Vergelyking van Byvoeglike Naamwoorde;
 Voorsetsels met die Genitief;
 Genitief- en Datief-gebruike van die Betreklike en Vraende Voornaamwoorde;
 Die Verlede Tyd van werkwoorde;
 Modale Hulpwerkwoorde, Teenwoordige en Verlede Tye.

Derde Jaar (Vorm IV):

Ander Tye van die werkwoord....Perfekt, Plusquamperfekt en Futur;
 Indirekte Rede en elementêre gebruike van die konjunktief (Skole met 'n driejarige kursus begin reeds in die tweede jaar met hierdie werk³).
 Passief (in elementêre sinne);
 Onpersoonlike en Wederkerende werkwoorde.

Vierde Jaar (Vorm V):

Verdere gebruike van die Konjunktief en die Passief;
 Versterkte vorms van die Byvoeglike Naamwoord (steinalt ens.);
 Vertaling van die Engelse "Gerund";
 Idiomatiese gebruike met modale werkwoorde en voorsetsels.

1. Sien Bylae D.

2. Ibid.

(ii). In plek van die praktyk om sekere gedeeltes van die grammatika van meet af aan in al hul besonderhede te "fynkam" soos ons in Suid-Afrika in 'n sekere mate verplig word om te doen weens die feit dat ons onderwyspraktyke reeds baie gou deur 'n taamlik-veeleisende eksterne eksamen agterhaal word (dit is, voordat ons leerlinge eers op 'n natuurlike wyse in die vreemde taal koers kon gevat het), vind ons in bogenoemde leerplanne vir die Engelse "Grammar Schools" die gesonde neiging om 'n gelyktydige toespitsing op te veel leer-inhoude wat tot verwarde taalbegrippe kan lei, uit te skakel deur 'n doelmatige verspreiding oor die verskillende jare. Die volgende opsomming toon in hierdie verband die vernaamste voorbeelde aan:

<u>Studieveld.</u>	<u>Eerste jaar.</u>	<u>Tweede jaar.</u>
Naamval na Voorsetsels	Met Datief en Akkusatief.	Met Genitief.
Verbuiging van Byvoeglike Naamwoorde.	Na "der" en "kein".	Sonder Lidwoord.
Betreklike en Vraende Voornaamwoorde.	Nominatief en Akkusatief.	Genitief en Datief.
Persoonlike Voornaamwoorde.	Nom., Akk. en Datief	(later)
Vervoeging van Werkw.	Teenwoordige Tyd.	Verlede Tyd.

(iii). Vertalings in Duits word gewoonlik tot die derde jaar uitgestel. Daarenteen word daar in al die leerplanne 'n baie vername plek aan uitgebreide leesprogramme, mondelinge oefeninge en konwersasie toegeken.

6. Samevatting van enige feite van belang in verband met die oorsese stelsels.

(1). Bogenoemde kenmerke van die Skoolsertifikaat-leerplanne in Engeland, asook die beklemtoning van ekstensiewe lees en die begripsvermoë van die leerlinge in die leerplanne vir Duits as

byvak by die "Higher School Certificate", verdien ons aandag in verband met die geformuleerde doelstelling vir die onderwys van Duits as derde taal aan ons Suid-Afrikaanse middelbare skole.

(ii). 'n Mens word ook getref deur die feit dat die Engelse eksamenrade baie meer toegieflik is met die tyd wat daar vir die beantwoording van die vraestelle gelaat word, as sommige van die eksaminerende liggame in Suid-Afrika. Die volgende vergelyking van die Londense Skoolsertifikaat-vraestel vir 1948 (na 4 jaar Duits-onderwys) en die Vrystaatse Juniorserifikaat-vraestel vir dieselfde jaar (na 2 jaar Duits-onderwys) mag in hierdie verband stof tot nadenking gee:

	<u>Londense S.S. 1948</u>	<u>Vrystaatse J.S. 1948</u>
Vertaling uit Duits	322 woorde	430 woorde
Vertaling in Duits	121 woorde	215 woorde (Engelse teks)
Opstel.....	130-150 woorde	150 woorde (20 reëls).

Hierby word daar in die Londense eksamen nog net 'n Dikteetoets van 'n halfuur gevoeg, wat die tydsvoorsiening vir die twee vraestelle min of meer sou gebalanseer het as daar geen verdere vrae in die Vrystaatse vraestel voorgekom het nie. Ons vind in laasgenoemde egter nog die volgende vrae:

- 5 verbugings.....120 woorde;
- 2 sinne (9 en 10 woorde elk) wat 7 en 9 keer onderskeidelik oorgeskryf moet word vir 'n volledige vervoeging
.....153 woorde;
- 10 Selfstandige Naamwoorde in elk van vier kolomme (hoofvorme).....70 woorde;
- 6 Byvoeglike Naamwoorde in elk van 4 kolomme (Trappe van Vergelyking).....24 woorde;
- 10 woorde vir sinsgebruik;
- 8 werkwoordsvorme in elk van 3 kolomme (tydsvorme)...32 woorde;
- 4 sinne wat in die passief oorgeskryf moet word.....41 woorde in die passief;
- Sinsvoltooiing en korrekte vorms (87 woorde wat oorgeskryf moet word, waarvan 26 die vereiste vorms en uitgangse geld;
- Die inhoud van 'n voorgeskrewe vraag in Afrikaans (20 reëls, dit is ongeveer 150 woorde);
- 5 kort vragies op die voorgeskrewe boekie wat in Duits beantwoord moet word.

As die laasgenoemde 5 antwoorde in Duits uit 10 woorde elk sou bestaan, en die 10 woorde vir sinsgebruik uit ongeveer 7 woorde elk, bring 'n berekening ons op 'n totaal van 1592 woorde wat die Vrystaatse leerling na twee jaar Duits-onderwys in 180 minute

moet skryf in 'n moeilike toets in 'n vreemde taal!

(iii). Wat 'n mens ook opval in verband met die praktyke in die buiteland is die feit dat daar in geen skriftelike eksamen enige vrae oor die grammatika as sodanig gestel word nie, wat reeds tot 'n sekere hoogte as 'n waarborg kan dien teen die gevaar dat die studie van die grammatika tot 'n doel op sigself verhef kan word.

(iv). Sowel die ouere as die nuwere toetsmetodes van die Amerikaanse "College Entrance Examination Board" verdien ons besondere aandag met die oog op 'n reorganisasie-skema vir ons vreemde-taalonderwys in Suid-Afrika.

(v). 'n Besondere kenmerk van die stelsels in hierdie lande is die aansienlike moontlikhede vir gedifferensieerde kursusse met die hoof- en byvakstelsel in die Hollandse Hogere Burgerskolen, Denemarke, Duitsland, en vir die Britse "Higher School Certificate"-kursus, asook in die Amerikaanse hoërskole met die twee-, drie- en vierjarige kursusse wat as verskillende eenhede aangebied kan word, met geen verdere eksterne eksamenvereistes as die moontlikheid van 'n "Reading Test" van een uur vir die "College Entrance Examination Board" nie. In die geval van Holland het ons byvoorbeeld verskillende eksamenvereistes vir Duits in die volgende skole en kursusse gevind: Gymnasium, H.B.S.B., Hogere Meisjesschool, en H.B.S.A. Daarby word die taal ook in die Mulo onderrig waar die skole hul eie programme kan opstel. In Suid-Afrika waar daar in die reël weinig geleentheid tot oorskakeling na 'n ander vak¹ en geen geleentheid tot oorskakeling na 'n ander kursus in dié vak is wanneer die studie eers in Standaard VII begin is nie, is daar vir ons uit hierdie praktyke in die ouere kultuurlande ook 'n les te leer waarmee enige reorganisasie-skema vir ons middelbare onderwys rekening sal moet hou.

1. Sien Hoofstuk VII.2 (b) en Tabel IX.